

## HOOFTUK X.

### OPLEWING IN DIE KAAPKOLONIE.

Die nasionale oplewing in die Kaap Kolonie is ongetwyfeld te danke aan die Transvaalse Anneksasie en Vrijheidsoorlog. Tog werd die sade, wat toen so welig ontkiem het, al eerder uitgesaai en wel deur die "Afrikaanse Patriot".

Omtrent hierdie koerant het ons in 'n ander verband reeds een en ander meegedeel, wat hier als bekend onderstel word. Nou maak ons net melding van die feit, dat die invloed van die "Patriot" reeds in 1878 groot moes gewees het, soos blyk uit 'n hoofartikel in die no. van 4 Oktober, wat hier afgedruk word :—

"Dit lijk of die Engelse kourante nou nie meer die *Patriot* met stilswijgende veragting kan ansien nie. 'n Tijd gelede het die *Argus* indirek ons vermaan om gen oproer te stook in Transvaal nie, want England sijn arm is lank en sijn hand is swaar. Nou het die *Cape Times* weer 'n lange artikel reelreg teën die *Patriot*. Hy is bang dat die stem van die *Patriots*-party sig binnen kort in die Parlement oek sal lat hoor en seg, hulle moet alle kragte verenig om dit "met die voete dood te trap" (stamping it out)! Dis 'n voorbeeld van die fyne (?) Engelse beskawing om syn teenstander onder die voete dood te trap! Ja, ons mog wel in fyne smaak by die *Cape Times* 'n les gaan neem. En sulke nonsens en haat teen alles wat Afrikaans is wort nou by alle Staties uitgeveil en in alle strate rondgedra om te verkoop ver 'n *oulap*. Ja, dit is oek wel 'n *oulap* wèrd! Mar een ding het die *Cape Times* tog getoon: dat hulle begin bang te worde ver die *Patriot*. Hier is syn eie woorde, en hiermé vereers genoeg: "Mar in deuse tyd moet ons in die oog hou dat die *Patriot*... 'n verkiesende mag vertegenwoordig, en dat in die anstaande verkiesing ver albei huise die mag sig sal lat gevoel..... Is dit imand syn plig om rekwisities op te stel ver die manne (bekwame Engelse ver die Raad) of moet al ons belange in die hande van die *Patriot* en syn ondersteuners val...? In die teenswoordige omstan-

dighede van die kolonie en van Suid Afrika kan ons nie spulletjes maak met sulke belangrike sake nie. Of ons ver ons steur an die gevoelens van die bevolking elders of nie dis in ons eie belang dat ons nie uitstel nie om die sotte ontevredenheid met die regering (silly disloyalty) te vertrap, wat sig nou uitspreek in die drukpers en wat later sig kan lat hoor in onse Wetgewing, as ons nie onse kragte verenig om ons te beskerm teen so'n belaggelike skande (disgrace) nie". Ons sal die lompe Engelse voet verwag om ons dood te trap. Hij moet mar oppas dat hy nie straks in 'n voetangel trap nie."

#### HOE DIE TOESTAND WAS.

Wil ons 'n denkbeeld krij van hoe dooierig die toestand van die Afrikaner nasie was, dan hoef ons net te lees wat die "Patriot" in sijn no. van 31 Jan. 1879 sê. Daar staat dit :

"Hoe het dit tot nog toe meesal in ons land ge-gaan? 'n Klompie raddraaiers op die dorpe, veelal Engelse kooplui, Jode en Jodegenote, ontvang 'n rek-wisiesie van een of ander hoge meneer, 'n koopman, of advokaat of so, wat graag die eer wil hê van in die Parlement te sit, en wat dan ook 'n paar duite daar-voor orig het. Dan wort so'n rek-wisiesie deur die raddraaiers geteken, en andere wat onder hulle plak staat word onder allerhande voorwensels oorgehaal om dit te teken! dan kom daar 'n mooie antwoord op ! Dit word dan gepubliseer in een of ander plaselike blad, wat daar goed voor betaal wort, en dit moet dan die trompet blaas, en vertel: "o Dis dan so'n knappe man en die hele distrik is voor hom; en gen ander het 'n kans nie," ens. En onse Afrikaanse boere-bevolking sit stil; hulle nomineer gen eie kandidate nie; met stemdag blijf hulle tuis, of moet stem ver een van die selfopgeworpe erebejagers; en daardeur was ons Parlement so miserawel samegesteld. Mar daar-an kom nou 'n end. Kijk mar o.a. na Richmond en Beaufort West. En dis tijd oek. Mog ander distrikte hulle voorbeeld volge !"

In dieselfde trant skrijwe mnr. A. S. du Plessis van Steynsburg. Sijn verhaal van die ontstaan van die Afrikaner Bond in die Albert distrik begin aldus :—

"Dit is bekend met welke doodse onverskilligheid onse Afrikaanse Boere hulle politieke belange behandel het, vandat ons onder di Britse bestuur gekom het, en vandat ons taal ons ontnome werd. Lydelik werd dit betreur dat 'n vreemde taal di offisiele taal van Suid

Afrika moes wees, 'n taal wat di oergrote meerderheid van die boere nie verstaat ni, wat dan oek as natuurlik gevolg ver hulle 'n bron was van vele ongeriewe. Want di regering en byna oek di Parlement was in hande van mense wat gen of weinig sympathie en bekendheid had met di ware behoeftes en wense van die Afrikaanse boer. Om mar enige van di ongemakke an te stip, byv. di *onbestaanbare meesters en bediende wet*, vooral nog deur di verwyderde afstand van di Magistraatshowe vergroot; *ongerief van Engels*, sodat swarte soms as tolk ver di blanke man gebruik word; di annexasi van Basutoland en di onregverdige en ontydige toepassing van di ontwapeningswet deur 'n Ministerie wat in dolle Jingoëisme ons land sedelik en finansiël op di hoorns van 'n dilemma plaas; di verspilling van duisende ponde sterling van suurverdiende belasting gelde, om Engelse Setlaars in te voer, wat as hulle hier kom meen alles te kan sê, en an wi kroongronde gegé word ten koste van di sone van di land; di ondoelmatige onpraktise en kosbare Burgerwet, wat eer op 'n militaire wet gelyk; di, ver ons land met syn dunverspreide bevolking, onnuttige en in beginsel Godsdienslose Skoolwet; en nog veule ander ongeriewe. Hierby kom nog 'n "Exeter Hall", wat as doodsvyand van di Hollandse Afrikaanse boere, syn invloed so weet te laat gelde in Downing-straat, dat dit haas onmolik was om 'n behoorlike wet ver ons land gepasseerd te kry. Dink hier mar an di geroep van slaverny, mishandeling van swarte, waarmé ons beskuldig word.

"Mar nog meer, hier by ons was—staatkundige vereniginge o.a. "de Kamer van Koophandel," wat medogenloos en op behendige wyse di politieke sake sodanig wis te draai, dat al di land's voorregte in hulle voordeel val. Vandaar dat dit beweerd word: "di land wil spoorwege," terwyl di o'ergrote meerderheid van ons Hollanse Afrikaanders feitelik *teen* uitbreiding van spoorwege was en nog is: wanneer sulke enorme skulde by di reeds bestaande gevoeg worde.

"Siedaar enige van di laste en donkere wolke, wat ons land bedreig het, onder welk gevoel meermale deur digene wat dit ter harte neem di vraag gedaen werd: "Hoe tog bes op konstitusionele wyse onse swakke staatskip weer op te help? Mar dit het gedurig op di so dikwils herhaalde klag gestuit: "Di Afrikaners is ongelyk." Hoofsaak blyf dus 'n middel hiervoor te vinde; nam. eendrag tussen di Afrikaanders te bevorder." (*Tolk* 1 Sept. '82).

Die onverskilligheid was so groot (vollens prof. Cachet aan skrywer hiervan vertel het), dat hul in Burgersdorp op straat moes rondloop om iemand te soek, wat tog die nominasie van 'n kandidaat vir die parlement wil kom sekondeer.

Dat dit egter in 1879 begin verander het, blyk o.a. duidelik uit die

#### BEAUFORT WEST ELEKSIE.

Ds. W. P. de Villiers en mnr. D. F. du Toit (toen algemeen genoem Oom Lokomotief) werd gevra om als kandidate te staan, waarop die poppe aan dans gegaan het! Die "Patriot" van 21 Maart 1879, sê :—

"Die Afrikaanse Party is wakker geworde en wil hulle nie langer by die neus lat lei deur 'n half dosyn Engelse raddraaiers nie. Hulle is dan oek eenparig opgekom met nominasie dag en had 'n grote meerderheid. Nou siet die raddraaiers dat hulle saak verlore is; hulle is woedend; dis die raserny van wanhoop". Ook van Caledon word geseg, dat daar twe kandidate is vir die "Afrikaner Party" en dat daar 'n "warme stryd" sal wees.—Dan word herinner aan die woorde van Pres. Brand: "Afrikaners, stuur tog advokate en prokureurs nie na die Parlement nie."

Bij die Beaufortse nominasie het mnr. Pritchard (met mnr. V.d. Spuy als tolk) volgens 'n verslag aldus gespreek :—

Hy vertel aan die vergadering dat hy 'n vriend was van Ds. de Villiers, maar as gesegde predikant na die Parlement gaat, dan besoedel hy syn ambt en hy (Pritchard) sweer by God Almagtig, dat hy nooit in syn lewe weer die Sacrament uit die hand van Ds. de V. sou ontvang nie. Wat die "Patriot" aangaat, die sal land en volk ten gronde bring. Die kiesers moes in ag neem wat hulle doet. Hulle kroos sal daaronder moet ly as Ds. De V. en die "Patriot" na die Parlement gaat. Ja, wat meer is, die kiesers sal deur so'n daad na die hel en verdoemenis gesleep worde.

Kort daarop werd 'n publieke verg. gehou, waarop eenparig beslote werd "om afkeuring te kennen te geven over het schandaal van de nominatie door de dopper-elektie van de "Patriot"... daar zyn kandidatuur een belediging was voor de intelligentie van Beaufort West". (P. 14 Maart 79).

Die eleksie self beskryf 'n korrespondent op interessante manier: Ons gee dit hier als bewijs dat die Afrikaner ontwaak was :

"Om 9 uur in die morre begin die gewoel toe te neem Karre en andere rytuige ry deur die strate, in stryd met makkaar om kiesers aan te bring. Omstreeks 11 uur kon ons merk dat die stemming verkeerd loop daar baing van ons kant deur die teenparty omgehaald werd. Drank, vuile leuns, en lasterlike

besprekings teen die "Patriot" as 'n oproermaker en 'n Hottentotsgesinde persoon... was enige van die middels wat deur die *doel* moes geheiligd worde. Van die kant van die teenparty werd ook nog met 'n skreënde bende van meide en jongens spotprente deur die strate gestuur, blykbaar met die doel om te sien hoe menere Teske en de Jager dit sou opneem... Na die middag werd twé grote poppe op stoele deur die straat gedra; die een moes mnr. Teske en die ander die "Patriot" verbeel... In die Skotse Kerk, ons gewese kantore, was vry drink... In die stille donkere nag hoor ons meteens weer 'n lawaai en daar kom die intelligentie van Beaufort West, in die gedaante van 'n boel Hottentots, Kaffers, Navies en meide in eens die stilte van die nag verstoort met hulle woës geskré, en geraas. Voor die deur van mnr. Teske bly hulle staan en skré: "Teske en die Patriot! Patriot dood! Maak vuur, maak vuur!" en een van die poppe werd daar verbrand... In die agtermiddag (14 April) werd 2 doorkiste met twee nagemaakte lyke bo'op deur die strate gedra... Die twe kiste werd in die kerkgebou gebring en toen die fraaie vrinde sig versadig had an hulle brassery, werd die kiste onder groot lawaai verbrand."

Als redes, waarom Oom Lokomotief uitgeval het word nog genoem: 1) die grote meerderheid op die nominasiedag, wat die Boere gerus gemaak het; 2) die grote reëns, waardeur baing verhinder werd om op te kom, en 3) die strawwe perdesiekte wat 'n grote belemmering was.

Hoe dit ook sij, die ijs was gebreek en voortaan sou die Afrikaner hom bij eleksies laat gelde.—

#### DIE ALBERT ELEKSIE.

Ook in die distrik Albert het daardie jaar (1879) 'n kragtige ontwaking gekom. Van dieselfde dorp, waar hul eers 'n man moes gaan soek om 'n nominasie voorstel te sekondeer, word nou gesê: "Op de bestemde tijd was het kantoor talrijk bezet met belangstellenden uit het dorp en van buiten. Zelfs de uiterste wijken van het distrikt waren goed vertegenwoordigd. Dit verblijdend verschijsel, n.ī. toenemende belangstelling op politiek gebied, vooral onder de buitenbevolking, is voornamelijk te danken aan de ijverige werkzaamheid van de nog jeugdige Albertse Boerenbeschermingsvereniging". (P. 12 Dec., '79.)

So praat 'n korrespondent en die "Patriot" self sê:—

"Die Albertse Boerevereniging het mnr. J. Joubert genomineer as kandidaat ver die parlement... Die *B'dorp Gazette*, wat nog onlangs die Boerevereniging so gelaak het, prys dit nou dat Boere self hulle politieke belange in hande neem. Ons les ver die boere hieruit is: Kyk wat 'n mag het julle, as julle wakker

en gelyk is. Julle is die meerderheid en het die hef in hande. Koerante sowel as parlamentslede *moet* draai as julle net styf hou." (P. 7 Nov. '79).

#### DIE BASUINGEKLANK.

Dat daar 'n kragtige basuingeklank nodig was om die hardslapende nasie wakker te krij, is wel te begriip. Die "Patriot" van die eerste tijd was dan ook geweldig anti-Engels, en die editeur het later verklaar, dat hij dit moes wees om "stoom op te krij."

Onse lesers het al hier en daar kennis gemaak met die nie onsekere geluid wat die "Patriot" uitgestoot het. Ten oorvloede gee ons hier nog so'n klein proefie:

„Onder die grote vrijheid is seker begrepe, dat ons kinders vollens wet Engels *moet* geleer worde; dat in ons Parlement, ons eie taal nie mag gesproke worde; dat ons nie eens 'n telegram in ons eie taal kan afstuur nie; dat die Goeverneur kan weiger om enige wet te bekragtig wat die Parlement maak; dat hij die Parlement kan afset as hulle nie na sijn sin werk nie en dan die land die duisende ponde lat dra van 'n nuwe kiesing; dat hij ons Ministerie kan afset, in oorlogstijd, as hulle nie na sijn pijpe wil dans nie; dat hij kan roep wie hij wil om 'n nuwe ministerie te vorm, al was dit oek 'n Engelse settelaar; dat bowendien die Rijksregering die maghebbende Goeverneur kan terugroep as hij die Afrikaners 'n bitjie begunstig soos hulle met Sir B. Durban gedaan het, ens., ens., ens." (P. 30 Mei, '79).

Die soort van geluid het die nasie wakker gemaak, maar het nie oorals op sympathieke ore geval nie. Veral oor 'n deel van die predikante was die "Patriot" sleg te spreek, terwyl hulle op hul beurt die blad so hard als kan teëgestaan het. Op een plek wou 'n predikant selfs 'n vergadering hou om die blad "uit te roei."

Dan, dit was toen die tijd, dat Engelse dienste in die Kerk ingevoer werd, iets wat natuurlik vir die "Patriot" te magtig was. Ons volstaan in hierdie verband met die volgende aanhalinkie. Aangaande die invoering van Engels het 'n predikant toen gesê: "Wij hebben moeilijkheden gehad omtrent de invoering der Engelse taal, maar in Kaapstad was het volstrekt nodig het Engels in te voeren, ofschoon het grote strijd gekost heeft. Tans echter wordt er bijkans in iedere gemeente uit de drie diensten een in het Engels gehouden". (P. 28 Nov., '79).

## IMMIGRASIE EN KONFEDERASIE.

Sijn nasionale koers het gemaak, dat die "Patriot" die wagwoord gegee het: teën immigrasie en teën konfederasie. Ons lees in die no. van 13 Jan., '82 :

"Die *Zuid Afrikaan* van gister het 'n artikel o'er "ons immigratie stelsel," wat ons graag in syn geheel sou o'ergenome hê had ons ruimte dit veroorloof. Het ons tydgenoot onlangs nog gemeen dat op die punt te veel verskil van gevoele bestaat om dit in 'n algemene petisi op te neem, nou verklaar hy "naast de regten der Hollandsche taal schynt er geen onderwerp, waaro'trent onze Hol. Afrikaanders zoo eenstemming zyn als de herroeping of herv. van onze immg. wet." Hy geef veral twee redes daarvoor op 1) omdat die stelsel die onbillikheid self is teenoer koloniste, met an vreemdelinge en uitlanders te gun wat an koloniale ingesetene onthoud word, en 2) omdat die landbou-immigrasie-stelsel net niks anders bedoel nie as om nasionale partyskap te bevorder en, in plaas van die naturelle, bestemd is om die Hollandse Afrikaner te bestry."

Die aanhaling is van belang omdat die geskiedenis sig kan herhaal. Dis ook die geval met Oom Lokomotief s'n bestrijding van konfederasie soals toen aangedien. Hij sê in sijn antwoord aan sijn Beaufortse kiesers :—

"*Konfederatie* is door onze Goeverneur in zyn prorogatiereede met de sluiting van het Parlement tot een hoofdvraag gesteld by de aanstaande verkiezingen. Eenheid is altyd wenselik en geeft kracht. Maar dan moet ze een ware eenheid zyn, inwendig ontstaan, uit innerlike behoefte gegroeid. Maar een gedwongene eenvormigheid, zynde het uitwendig aaneenlymen of samenbinden van vreemdsoortige elementen, is vruchteloos, hinderlik, ja schadelik, soms gevaarlik. Een *Verenigd Zuid Afrika* is ook ons ideaal. Welk ware Afrikaander voelt het hart niet warm kloppen by de gedagte aan die dag, wanneer wy een eigen waarlik verenigd, en daardoor bloeiend en machtig volk zyn zullen! Maar een eenheid, die niet voortspruit uit het hart onzer bevolking en waar het volk dus nog niet ryp voor is; —een eenheid, die ons voorgeschreven wordt van uit Downingstraat, met een reeks van voor ons knellende banden; —een eenheid, waarin de vryheid en de invloed van onze Afrikaanse bevolking beperkt wordt, en de vreemdeling gelegenheid vindt tot krachtiger overheersing; —een eenheid, die geen rekening houdt met de vryheid van de Vrystaat, en het onrecht onze broederen in Transvaal aangedaan; een eenheid die geen rekening houdt met de taal en de wensen van het meerder deel der bevolking; —een eenheid, in één woord, ten voordele van de Engelsman en ten koste van de Afrikaander:—zulk een eenheid zullen wy niet alleen nooit voorstaan, maar zelfs tegenstaan met al de kracht die in ons is. Wy schryven dus niet in ons program:— "Geen Konfederatie—in generlei vorm—en niet te eniger tyd." Neen, maar wy zeggen wel, dat Konfederatie een

zaak is die met de grootste omzichtigheid dient behandeld te worden. Wy willen Konfederatie, geen Konfiskatie. En in elk geval, de permissieve bill van Lord Carnarvon kan ons hierin niet ten grondwet strekken, zonder de meest radikale veranderingen. Het zal dus veel er van afhangen in welke vorm het Ministerie een Konfederatie-schema voor het Huis brengen zal. Verbrotkeling der Kolonie in kleine Staatjes, met kostbare Parlementjes, is buiten de kwestie."

#### DIE ONTWAKING EN DIE VRIJHEIDSOORLOG.

Dat die Transvaalse Vrijheidsoorlog 'n flinke stoot vorentoe gegee het, is algemeen bekend. Die "Patriot", die voordele van die oorlog opsommend, sê: "Die Afrikaners, veral die jeug, het nou 'n afkeer gekrij teen vreemde tale en sede, veral teen Engels, en daar is 'n ambisie opgewek ver ons eie volk en ons eie taal... Die verwijt dat ons, Afrikaners, geen nasionaliteitsgevoel het nie, is oek nou beskaam. Kijk die vergaderinge; die duisende ponde; die twee jonge patriotte wat hulle studie lat vaar het om hulle strijdende en lijdende landgenote te kom help". (P. 15 Apr., '81).

#### DIE VERGADERINGE.

Die "Patriot" noem hier drie punte, wat ons kortelik moet verduidelik en wat 'n goeie kijk gee op die ontwaking van dié tijd.

Van die vergaderings sê die blad :

"Reeds is daar 'n beweging deur die hele Kolonie en Vrystaat ten gunste van die Boere. An Worcester en Franshoek is al vergaderings gehou en resolusies gepasseer. Die Paarl sal eerskomende Maandag 'n monstervergadering hou; 'n buitengewoon grote opkoms word ver wag, want die gemoedere is hier net gaande. In Stellenbos en andere distrikte is oek al vergaderings bepaal. Dis reg. Ons hoop mar dat die resolusies duidelik en kragtig sal uitspreek wat ons van die saak denk en hoe ons daaronder gevoel. Soos die Paarlse oproeping seg: "England moet weet dat 'n oorlog teen die Transvaalse Boere sedelik 'n oorlog teen heel Suid Afrika is." En ons wil hierby die vraag doen, of dit nie sal goed wees om onse simpatie met de Boere te betoon met 'n *daad* nie? en dit is deur 'n som geld bymakaar te maak ver die lydende deur die oorlog, an die Boerekant, soos wedewes en wese, ens". (P. 7 Jan., '81.)

Van die Paarlse monstervergadering deel ons hierdie uittreksels mee :—



Ds. du Toit sê dat hy die vollende resoluſie wil voorlees en toelig mar nie lat passeer nie:— “Deze Vergadering spreek de wenslikheid uit, dat alle rechtgezinde Afrikanen door heel Zuid-Afrika de handen ineenslaan om onze sympathie met de Transvaalse Republikeinen *met een daad* te tonen, zo de vyandelikheden verder mochten voortgaan, en wel door een Fonds op te richten voor hun noodlydenden door de oorlog, meer biezonder voor gewonden, weduwen en wezen.”

“Waarom dan die resoluſie nie passeer nie? Omdat daar nog byna geen gesneuwelde en gewonde an die Boerekant is nie; en ons hoop nog dat die vortgang van die oorlog mog gekeer worde. As dit nodig is, sal die Afrikaners ver die saak nog milder bydra as ver die Trekboere. Die saak sal hy dus vereers nog lat rus. Mar wat hy wel wens voor te stel en te lat passeer is: “Deze Vergadering benoemt een staand Komitè, bestaande uit de H.H.: J. S. Marais, P. H. Faure, A. B. de Villiers, J. S. de Villiers, T. Roos Sr. met macht van byvoeging, om de verdere loop van zaken in deze te volgen, met andere distrikten te korresponderen, en verdere vergaderingen op te roepen zo zulks mocht blyken nodig te zyn.”

“So’n komitè sal werk genoeg hê. Vereers al om ons resoluſies van vandag in Engeland bekend te maak. Wat is geworde van ons petisies, eers van 6 en toen van 7 duisend? En nou die Britse Parlement sit nou. Lat ons geld gé, al kos dit nog so veul, en lat ons al die resoluſies per telegraafkabel o’erstuur na Meneer Courtney om in die Britse Parlement voor te lees en in die Engelse koerante te publiceer. Lat hulle eenkeer in Engeland weet wat ons denk en spreek....

“Ds. du Toit seg nogeens, meer bepaald ver die Boere-lydende te wil gé, en daar is nog gen behoefte nie. Mar hy stel voor om dadelik ’n lys te open ver telegraafgemeenschap met England. Dadelik werd ver £92 10s. geteken. Daar was grote geesdrif. Vele wil dadelik 1 of 2 knappe Afrikaners na England toe stuur om daar te werk in belang van onse Transvaalse Broeders. Op Stellenbos is resoluſies in dieselfde gees gepas seer en ver £50 ingeteken om dit saam met die Paarl o’er te stuur.”—(P. 14 Jan. ’81.)

Op 9 Febr. d.a.v. werd weer ’n vergadering gehou 1) om die kwessie van geneeskundige hulp verder te bespreek en 2) om afkeuring te kenne te gee oor die gedrag van “enige weinige” Afrikaners, wat onder valse voorwendsels pêrde en muile opkoop om teën Transvaal gebruik te word. Bij die “Paarlse Transvaal Hulp-Komitee” word bijgevoeg Ds. S. J. du Toit, mnre. D. F. du Toit, J. H. Hofmeyr, Dr. Van Oordt, mnre. G. J. Malherbe en A. J. Marais, J.sn.

#### RESOLUSIES.

’n Paar maande later het die “Zuid-Afrikaan” voorgestel, dat ’n nuwe reeks vergaderings sal gehou word om mnre. Gladstone “dank te zeggen voor hetgeen

er is geschied," veral teënoor die agitatie van die Jingoës. Die "Patriot" was daarmee eens, "want soos die Jingoës nou te kere gaat, dis te erg." Meteen het die "Patriot" van 15 April 'n aantal konseps-resolusies gepubliseer, wat op die vergaderings kon aangeneem word. Enige daarvan volg hier:—

"Deze Vergadering heeft met leedwezen en verontwaardiging vernomen, dat zekere zich noemende "loyale onderdanen van Hare Majesteit" in Natal en in de Kolonie, met zelfzuchtige doeleinden, de vrede opnieuw trachten te verstoren en de gemeederen te verbitteren, door oproerige demonstraties, het overzeinen van valse voorstellingen naar Engeland, het in beeltenis verbranden van Englands eerste Minister en van de Britse Leeuw, het neerhalen en in het slyk treden van de Britse vlag, enz.; en zy acht zich geroepen hiertegenover haar meerdere gehechtheid aan de Britse Kroon uit te spreken na de edelmoedige herstelling van de onafhankelijkheid der Z. A. Republiek in Transvaal.

"Deze vergadering acht het noodzakelijk, dat een *Transvaalse Vryheidsfonds* worde byeengebracht door de vrienden der Z. A. Republiek, ten einde onze stamverwanten in staat te stellen een krachtig bestuur te herstellen; en zy besluit tot dat doel dadelik subskriptielysten te openen en te cirkuleren en Boerenbazaars te houden (*of welke plannen men meer of beter weet te vinden vulle men in*); de gelden te worden opgezonden aan erkend door het Paarlse Komitee voor Transvaal of direkt aan het Transvaalse Driemanschap (*of wat men beters weet in de plaats te stellen*).

"Deze Vergadering acht de tyd nu gekomen tot de oprichting van een algemene *Afrikaander Bond*, volgens de grondregels ontworpen door de Redakties van de *Patriot* en *Express*."

"Deze Vergadering acht het wenselijk voor de toekomstige bloei van Zuid Afrika, dat er een *Algemene Z. A. Handelsvereniging* worde opgericht, door het uitreiken van Aandelen, met beperkte verantwoordelijkheid, onder het bestuur van een verantwoordelijk Komitee door de aandeelhouders gekozen, ten einde een handel te openen met het Vasteland van Europa en de Verenigde Staten van Amerika, tegenover het tegenwoordige monopolie, dat de Engelse handel hier dryft met hoofdepots aan de Kaapstad, Port Elizabeth, Bloemfontein, en Pietermaritzburg, en *Boerewinkels* in alle verschillende steden en dorpen des lands; welke Vereniging tevens zorgen zal, dat onze produkten een goede markt vinden in het Buitenland.

"Deze Vergadering beschouwt een *NATIONALE BANK* een zeer gewenst iets, en wenst ernstiglik dat door bevoegde personen een Prospektus daartoe worde opgesteld en gepubliseerd, belovende zy haar ondersteuning zo zulks wijzelyk worde aangelegd.

"Deze Vergadering acht het wenselijk, dat er door heel Zuid Afrika één dag als *Gedenkdag* van de hulp en verlossing door de Allerhoogste aan onze geloofsgenoten geschonken jaarliks worde gevierd, en zy acht *de laatste Zondag van Februarie* de ge-

schikste dag daartoe, ons herinnerende aan die bovennatuurlike overwinning op de Majubaberg, het keerpunt in de roemryke worstelstryd voor recht en vryheid."

## DIE GELDINSAMELING.

Die tweede punt, wat die "Patriot" genoem het als bewijs van nasionale oplewing, was die duisende ponde vir Transvaal bijeengebrag.

Die eerste oproep vir geld het uitgegaan van die Komitee van die Rooi Kruis, om gelijkop Boer, Engelsman en Kaffer, wat gewond word, hulp te verleen. Die beweging het in Holland begin, waar £1,000 toegeseg werd.

"Die tweede oproep werd gedaan deur 'n komitee van die Paarl, op die Vergadering van Februarie benoem, waarby gevoeg werd die Redakteurs van die *Zuid Afrikaan*, *Volksblad* en *Patriot*, omdat hulle reeds lyste uitgestuur het, in die gees van Ds. du Toit s'n resoluksie op die Vergadering. Die Komitee het net bepaald vir Boere gevraag, en onder die bepaling, dat alle gelde wat oor is na afloop van de oorlog, sal verdeel worde onder behoeftege wedewes en wese van gesneuwelde Boere, en aan Boere wat deur die oorlog verarmd is. (P. II Febr. '81.)

In die no. van 25 Februarie skryf die blad verder als volg oor die saak :—

"Die Komitee van die Rode Kruis an die Kaap het reeds 2 dokters afgestuur o'er die Vrystaat, een uit die £1000 van Holland, en een deur die gifte wat *Zuid-Afrikaan* en *Volksblad* ontvang het gesalarieerd.

"Die Paarise Komitee het dadelik getelegrafeer na Edenburg (Skotland) en het antwoord gekry, dat 2 van onse jonge Kapenaars, wat daar studeer ver dokter klaar is om dadelik uit te kom. Die geld ver hulle o'erkoms is per kabel gestuur en binne 'n maand kan ons hulle hier verwag. . .

"Mar daar is geld nodig, veel geld. Geld tot verpleging van gewonde ; geld ver wedewes en wese ; geld ver verarmde families. Lat niemand tog bang wees, dat daar te veel sal inkom nie. As die oorlog vandaag ophou, dan is ons ni in staat om al di skade en verliese goed te maak nie. En wie weet hoever die verwoesting nog kan gaan. Dit kan weldra nodig worde om koorn en meel te stuur vir vrouwens en kinders, dat daar gen hongersnood kom nie.

"Die Paarise Komitee stuur lyste uit, en vraag medewerking deur die hele land ! Lat tog in elke wyk en veldkornetskapp Komitees gevorm en kollektante benoem worde. Slaat gen één o'er nie. Lat almal gé, en elkeen so veel as hy kan. En stuur die geld so gouw as molik is an ons Tresurier, Meneer A. B. de Villiers, Paarl, wat die ontvangs sal erken in die Hollandse koerante."

Die blad deel later mee, dat in die Kaap-Kolonie in Mei 1881 al £7,000 vir Transvaal bijmakaar was. (13 Mei, '81).

#### MEDIESE HULP.

Als derde bewijs van die nasionale opwaking het die "Patriot" genoem die mooie daad van twee mediese studente, Voigt en Esselen (Ewald), waaromtrent die n<sup>o</sup>. van 18 Maart, '81 ons aldus nader inlig :—

"Toen in die begin vergeefs in bijna alle koerante geadverteerd en na alle kante geskrywe en getelegrafeerd werd deur die Rode Kruis, en dit gelijk het of in ons land gen dokters kon gekrij worde om onse Transvaalse Broeders, wat gewond is, te gaan help nie, het die Paarlse Komité na die patriottise Kaapse studente, wat in Edenburg ver dokters studeer, getelegrafeer, of 2 van hulle nie kon uitkom nie. Dingsdag aand krij hulle die telegram. Dadelik was daar meer klaar as gevraagd was, en onse jonge Kapenaars het gewedijwer om hulle verdruchte Broeders te kom help, hoewel elkeen kan verstaan dat dit met grote opoffering en minstens 'n jaar verlies in hulle studie gepaard gaat.

"Woensdag werd beslote dat Menere Voigt van die Paarl, en Esselen van Worcester sou kom, en dadelik het die studente die benodigde geld bij makaar gehad, want die geld van die Komité was nog nie angekom nie. In 3 ure tijd nadat die besluit geneem is, had die 2 studente alles klaar en vertrek hulle met die trein na Londen onder juigkrete van 'n ganse trop Kaapse studente bij die stasie. Ver mnr. Voigt veral is dit 'n grote opoffering, omdat hij weldra sijn laaste examen moes maak. Andere studente het lat weet : as nog hulp nodig is, telegrafeer mar.

"Woensdag nag kom onse twe studente toen deur na Londen. Donderdag koop hulle daar die nodige medicijne en instrumente in, en Donderdag nag weer op die trein na Dartmouth, waar hulle die Vrijdag op die *Warwick Castle* klim.

"Na 'n voorspoedige seereis van 3 weke kom hulle laaste Vrijdag an, waar hulle in die Docks verwelkomd werd deur Ds. Du Toit en mnr. J. S. de Villiers als deputasie van die Paarlse Komité." (Die volgende Dinsdag werd aan die twee studente 'n Adres aangebode deur enige komiteede in die huis van Ds. Du Toit. Uit die Adres blijk, dat die Edenburgse studente 'n Unie gevorm het om die sake van Transvaal in die vreemde te behartig.)

"Na afloop van die Komité, nodig Ds. Du Toit die twee jonge vriende en die Komitélede uit om same met nog enige vrinde bij hom an huis Woensdag aand same te kom tot 'n gesellig verkeer." (35 dames en here was teenwoordig, wat deur mevr. Du Toit met behulp van enige dames getrakteer werd.)

## HULDE.

Ons voeg hier in die mooie naam-vers wat "Oom Jan" (mnr. Hoogenhout) gemaak het om hulde te bring aan die mooie studentedaad :—

A er in het koude Noord, in Schotlands oude stad,  
 O ntvingt ge een bliksemschrift dat men U nodig had  
 I n 't eigen Vaderland, om magen en om vrinden,  
 G ewond in vrijheidskamp te helpen, te verbinden,  
 H erzelfde stond gereed, aanvaardet gij de reis

H en, vaardig op 's lands stem, voldeed gij aan die eis.  
 Z iets achtet gij te groot, uw studiën liet gij varen ;

H en dankbaar volk blijft trots op zulk een voorbeeld staren,  
 S preek van en roemt alom uw patriotisme en moed.  
 S troomde op 't Transvaalse veld het dappere heldebloed.  
 H en was er niemand om die levensstroom te stelpen,  
 T of U ! ter hulp gesneld om in die nood te helpen.  
 H wald en Carel, die uw volk dat offer bracht,  
 Z og worde uw naam genoemd door 't verre nageslacht.

OOM JAN.

## BOEREWINKELS EN HANDELSVERENIGINGS.

So veelomvattend was die ideaal van Ds. Du Toit, dat hij nie tevrede was voordat die Afrikaner die handel in hande het nie. Hij het daarom dadelik aanbeveel die oprigting van Boerewinkels en Handelsvereniginge, en sijn wenk werd ook opgevolg. Jammer dat die saak nie meer sukses gehad het nie, want hoe kan die Afrikaner ooit 'n nasie word als die handel in vreemde hande blij ?

In ieder geval, wat hier en daar nog aan Boerewinkels gevonde word, daarvan moet ons blykbaar ook die oorsprong soek in die vrugbare brein van Ds. Du Toit.

Ons gee nou eers 'n artikel van die "Patriot" van 19 Nov., 1880, dus geskrewe vóór die Vrijheidsoorlog : —

"Een van die vele snare wat ons angeroer het en wat werklank gevonde het in die harte van duisende Afrikaners, en nog gedurig voorttril, is : dat vreemde geluksoekers die handel in ons land heeltemal in hulle hande het ; dat die ver hulle verryk met onbillike winste te neem ; en dan nog die eie geld van onse Boere gebruik om hulle te onderdruk soos die gelukvoors eers dik en vet is.

“Eers het ons die Transvaalse Burgers geraai om an hulle lydelik verset krag by te set deur 'n plegtige verbintenis waarin hulle onder andere verklaar dat hulle gen handelsverkeer met die vreemde geluksoekers verder wil hê nie, mar 'n eie handelsvereniging sal oprig met Boerewinkels, op alle dorpe.

“Die saak het in die Transvaal byval gevonde. 'n Sterke maatskappy is reeds gevorm en hulle is al in onderhandeling met Europa om hulle goed uit te kry. Laas het ons 'n berig gesien dat hulle met 'n handelsfirma in België betrekkings angeknoop het, en dat daar selfs 'n bepaalde skeepvaart tussen België en Afrika sal op tou geset worde. En dis gen kwalike plan nie. Die Koning van België stel veul belang in Afrika, soos bekend is, en nie lank gelede is nog daarvandaan 'n expedisie uitgestuur na Midde-Afrika. Dan neem België teenwoordig 'n eerste plaas in onder die lande van Europa wat handel en nyverheid angaas, soos nou weer duidelik gebleke is met die nasionale tentoonstelling van Brussels. Dis molik die beste anknopingspunt, veral daar die Transvaal veul invloed en medegevoel verloor het in Holland deur die spulletjies van Burgers.

“Mar ons bedoeling was nie dat so'n handelsvereniging sig sou beperk tot Transvaal alleen nie. Né, deur heel Suid Afrika behoort die Afrikaners hulle hande ineen te slaan en een grote vereniging te vorm, met verskillende takke of verskillende vereniginge onderling verbonde, ten einde self onse handel in hande te kry, en nie langer toe te laat dat vreemdelinge langer duisende ponde trek van wat ons met ons sweet en bloed verdien en self kon behou het nie.

“Toen ons geskrywe het o'er 'n Afrikaner Bond, het ons al in die *Patriot* van 2 Juny, 1879 geseg. dat ons wil hê “'n Afrikaner Bond, wat dan oek die ware belange van ons land en van alle partye bevorder, en belet dat die belange van Afrika an Engeland, of die Boer an die Koopman opgeoffer word; 'n Afrikaner Bond, wat handel en nyverheid bevorder ten dienste van die land en nie ter vulling van die beurs van spekulateurs: wat vereers nie toelaat dat onse geldmark heeltemal beheers word deur Engelse banke; wat fabriekwese bevorder sodra daar kans toe is.”

“Die saak begin nou in die kolonie oek al wortel te vat. 'n Tak van die Albertse Boerevereniging is ernstig met die saak besig om so'n Boerewinkel op te rig op Ventersburg (later Venterstad). Ons publiseer twe verslage daarvan, en wens meteen die andag te

bepaal op die belangrikheid van die saak, oek van ander distrikte wat dit nog nie insiet nie. Ons stuur an die vrinde van Ventersburg 'n kopy van die prospektus van die Transvaalse Nationale Boere-Handelsvereniging; molik kan dit ver hulle tot 'n leiddraad wees. Verder wens ons hulle an te beveel om dadelik met die Transvaalse Komite daaro'er in onderhandeling te tré en met hulle same te maak om goed uit Europa te ontbiede. Die enigste punt waarop ons die vrinde in Transvaal sowel as Kolonie ernstig op hulle hoede wil stel is: *pas op watter manne jul an die bestuur van sake set.*

“Dat so'n vereniging uitvoerbaar is en goedbestuurd moet betaal behoef gen betoog nie. Waarom, as handelaars by dosyne kan ryk worde, sou sulke verenigings, deur alle regte Afrikaners ondersteund, nie kan bestaan en selfs goeje winste lewer nie? Tot nog toe was die tekse op ons van toepassing: “Uw land verteren de vreemden in uwe tegenwoordigheid, en een verwoesting is er, als een omkering door de vreemden” (Jes. 1 : 7). “Vreemden verteren zijne kracht, en hij merkt het niet” (Hos. 7 : 9).

“Ons wens die onderneming alle sukses toe en dat dit navolging mag vinde.”

Toen die Transvaalse oorlog uitgebreek het, werd die saak weer warm opgevat deur die Paarlse blad. En toen vrede gesluit was verklaar die blad, dat die gedrag van die Engelse nou die Afrikaners noodsaak om 'n maatskappelijke oorlog te verklaar. “Ons hoofgeweer in die maatskappelijke oorlog moet wees, dat ons die Engelse handel afbreuk doen deur self 'n Handelsvereniging te stig”. (P. 29 Apr. '81).

Die saadkorrels so uitgestrooi het hier en daar wortel geskiet. Altans, ons lees dat deur die “Patriot” ontvangte werd 'n Prospektus van die “Winburgse Boeren-Handelsmaatschappij” (P. 10 Junie, '81.) Verder kom in die kolomme van die blad 'n groot advertensie voor van 'n Philipstown Handelsmaatschappij, waarvan die kapitaal £10,000 en die direkteure pure Afrikaners sou wees (P. 1882). Wat verder van die saak geword het weet ons nie.

Boerewinkels het menigvuldiger voorgekom. Die Paarlse blad gee daaromtrent die volgende wenke:—

“Net een ding, die Boerewinkels moet deur en deur Hollans of Afrikaans wees, nie Engels nie. Gen Engelse uithangborde nie; gen Engelse advertensies in Engelse koerante nie; gen Engelse Boekhouers nie; gen Engelse rekenings nie; né, alles Hollans of Afrikaans. Net soos die Engelse winkels help om

Engelse koerante, Engelse skole, en 'n Engelse samenlewing op die dorpe op te hou, so moet onse Boerewinkels omgekeerd werk om die Engelse element op die dorpe te belet om te heers; hulle moet die Afrikaner gees op die dorpe ophou teeno'er die Engelse." (P. 6 Mei '81.)

Dat die blad meegehelp het om sulke winkels 'n molikheid te maak, blijk uit hierdie sitaat :—

"Van een en ander kant word ons gevraag om inligting aangaande die beste konnexies, en bekwame en vertrouwbare agente, ter oprigting van Boerewinkels. Ons het reeds geskrywe na Holland en Duitsland in verband hierme. Die enigste wat ons onse vriende kan sê is : wees versigtig, en veral wees nie te haastig nie. Dis makliker om konnexies an te knoop as af te breek. Alle vertrouwbare informasie wat ons bekom is ten dienste van onse vrinde en belanghebbende." (P. 15 Julie '81.)

#### BANKE.

Ds. Du Toit het dit nie hierbij gelaat nie. Die Afrikaner moes ook sijn die Nasionale Bank hê. Die strijd het begin in 1879 toen daarop gewijs werd, dat die Standard Bank jaarliks £80,000 uit die land uitsleep. Die "Patriot" het toen aanbeveel, dat koloniale banke deur Afrikaners moet ondersteun word en dat die banke hul kapitaal moes vermeerder.

Later (in 1883) het die "Patriot" weer in 'n reeks artikels opgetrek teën die Standard Bank en die mense aangespoor om "Nasionale Banke" op te rig. Om die weg te vergemaklik, het die blad in sijn no. van 30 Junie 'n Akte van Ooreenkomst gepubliseer "as 'n leidraad vir Takke van die Afrikaner Bond, Boerebeskermings-Vereniging, ens." Dit bevat nie minder als 45 uitvoerige artikels. Eindelik het Ds. Du Toit selfs 'n boekie daaroor geskrywe. In verband daarmee het hij veral bestudeer die "Grondbeginselen van Staathuishoudkunde" van Mr. N. G. Pierson en die "Nederlandse Bank" van Gerritsen.

#### LANDBOUW.

Die herlewing van die Afrikaanse nasie was grotendeels die herlewing van die boer. Daarmee het dan ook hand aan hand gegaan meerdere belangstelling in die landbouw-bedrijf, meer ijwer om die boer s'n regte te beskerm.

Van sijn eerste jaargang af het die "Patriot" kolomme gewij aan landbouw. Hoe kan dit anders, waar sijn redakteur als boere-seun groot geword het ?...

Maar die redakteur het dit nie gelaat bij die verspreiding van kennis en informasie aangaande die



boerderij-bedrijf nie. Reeds in die tweede jaargang van sijn blad het hij op organisasie aangestuur. Naar aanleiding van 'n Kongres van Boere te Grahamstad sê die "Patriot" van 15 Junie, 1877 :—

"Wat ons hier eintlik uithaal is dit : waarom kan in die Westelike Provinsie, Vrijstaat en Transvaal nie sulke *Vereniging* van boere gevorm worde, wat so nou en dan in 'n Kongres bij makkaar kom om die belange van die boere te bespreek en te bevorder?...Kijk, wat is die swakheid van ons boere? Juis dat hulle makkaar nie verstaat, en dus nie eensgesind is; terwyl die Engelse handelaars afsprake maak onder makkaar, is die boere altijd an die kortste end...Dan nog iets. So'n Kongres van boere kan besluit om 'n *boerekoerant* of tijdskrif uit te gé, wat die belange van die boere behartig"...

'n Jaar later het toen die redakteur van die "Zuid-Afrikaan" sijn plan openbaar gemaak aangaande die stigting van 'n "Landbouwers-Parlementaire Vereniging", waarvan die "Patriot" sê, dat dit "'n goeie plan is." Na aanhaling van die "Zuid-Afrikaan" s'n omskrijving gaan die "Patriot" aldus voort: "Iets van die aard het ons al geseg in ons no. van 15 Junie 1877, hoewel nie met die oog op ons Parlement alleen nie, mar meer om die algemene belange van die boere te behartig, terwyl dit natuurlik die plan van die "Zuid-Afrikaan" kan insluit" (*P.* 2 Aug. '78.)

Verder het die Paarlse blad "Onse Jan" kragtig ondersteun. In die No. van 11 Oktober, 1878 lees ons : "Daarom seg ons nog 'n keer: Hou vergaderings; rig takke op; werk eenparig same; hou julle an die Boerevereniging; geef gen ondersteuning an enig iemand, wat nie 'n Afrikaner in sijn hart is nie." En in die no. van 25 Oktober, 1878 : "Dis 'n skande ver ons Afrikaners dat hulle die saak nie warmer opgevat het nie. Ons sal die Hoofkomité ondersteun so veel as ons kan". Dan word meegedeel, dat "Om Lokomotief" in die Hoofkomité werd opgenome.

#### VERDERE WERKSAAMHEDE.

Voortdurend het Ds. Du Toit met krag ge-ijwer vir die vooruitgang van onse boerderijbedrijwe, veral landbouw. In menige opsig was hij alweer sijn tijd vooruit. Bijv. die olijfkultuur, wat in later tijd 'n praktiese molikheid geword het, het hij al 30 jaar tevore aanbeveel. Eweso het Ds. Du Toit al op die Bonds-kongres van 1890 voorgestel, dat jonge Afrikaners naar Europa moet gestuur word om daar en elders die landbouw te bestudeer. Deur die Unie-regering word dit nou in praktijk gebreng.

In sijn later lewe het Ds. Du Toit aan die Paarl 'n Landbouvereniging opgerig, en in verband daarmee 'n jaarlikse Tentoonstelling in die lewe geroep. Van die vereniging was hij ongeveer 10 jaar voorsitter en voorman, totdat hij op 'n buiteplaas gaan woon en sig daaraan onttrek het.

Soveel kennis had Ds. Du Toit van landbouw, dat die boere wat met hom in aanraking gekom het, moes betuig dat hij meer van hulle vak afweet als hulle self. In sijn boekrak het dan ook steeds grote en belangrike (veral Amerikaanse) werke oor landbouw gestaan, wat hij nouwkeurig bestudeer het.

Theoretiese kennis was hom egter nie genoeg nie. Tijdens sijn verblijf in Transvaal het hij Rietfontein (nabij Pretoria) in 'n pragtige boereplaas herskape. Daar kon 'n boer sijn hart gaan ophaal. Later, aan die Paarl woonagtig, het hij agter die drukkerij 'n grote tuin aangelê, waarin hij daëliks enige ure deurgebrenge het. Toen eendag mnr. Pickstone daar kom, om bij wijze van demonstrasie die vrugtebome te snoei, moes hij verklaar, dat daar amper niks te snoei is nie —so in die haak was die snijwerk van Ds. Du Toit.

Bekend is eindelijk, dat hij sijn laaste lewensjare op 'n boereplaas in Daljosaphat geslijt het. Daar kon hij sig volop gee aan wat hom altijd 'n aange-name ontspanning was. En daar ook weer het hij die omwonende boere verbaas met sijn grootse en wonderlike skema's. Dikwels was sijn arms'en geldelike vermoë te kort om te haal bij die planne van sijn grote en veelbesige gees !

#### “NEHEMIA.”

Aan die end van hierdie hoofstuk wil ons nog melding maak van 'n boekie, deur Ds. Du Toit geskrewe, wat baing bijgedra het om die nasie wakker te skud. Dis namelik: “Nehemia als Volkshervormer ook ons ten voorbeeld.” Volgens prof. J. Lion Cachet was dit die beste boekie wat Ds. Du Toit ooit geskrijwe het. Ons hoop dan ook dat dit spoedig mag herdruk word. Dit is inderdaad 'n juweel van 'n boekie, wat in onse tijd veel moet gelees word.

Natuurlik sal geklaag word, dat die boekie te “oordrijwend” is, maar dit bevat naar onse beskouing niks anders als die waarheid en die volle waarheid nie.

Opmerklik is die resensie wat die “Z.-Afrikaan” destijds daarvan gegee het. Dis als volg :—

---

"Di *Zuid Afrikaan* het laaste Dingsdag in 'n regte lange artikel di indruk teruggegé, wat Ds. du Toit syn "Nehemia als volkshervormer ook ons ten voorbeeld" op hom gemaak het. O'er algemeen was di indruk nog al gunstig, en is syn artikel dit oek. So seg hy: "Als het boek by het Hollands lezend publiek van Zuid Afrika gelezen wordt en byval vindt, dan kunnen wy niet anders zeggen dan dat het dit verdient." Mar dan laat hy oek onmiddelik daarop volg: "Toch, hoeveel treffends en waars. er ook in het boek gevonden wordt, kunnen wy niet alleen met de strekking er van op vele punten niet samengaan, maar zien wy in die strekking zelfs gevaar voor het land dat wy bewonen. De voornaamste dier punten kortelik aan te wyzen en tegen het gevaar te waarschuwen, dat is het doel van dit ons artikel." Na hieraan op syn manier, en miskien wel ver sigself duidelik genoeg, voldaan te hā, heet dit: "terwyl, zoals wy reeds opmerkten, in de regel de vergelyking tussen de Joodse, en de Z. Afrikaanse toestanden trefferd en juist is, gaat de schryver, in zyn zucht om al het vreemde en al wat niet met zyn beginselen rymt te weren, met het voorstaan van het isolement der party die zich herleving en bevestiging der Afrikaner nationaliteit ten doel stelt, veel verder dan voor de zaak die hy bepleit wenselik is. Was het ons doel om in dit artikel een beredeneerd verslag en tevens een kritiek van het boek te geven, dan zouden wy onze beweringen met voorbeelden staven. Tans laten wy aan hen die na ons oordeel vernomen te hebben het boek lezen of herlezen, het onderzoek en de beslissing of wy al dan niet gelyk hebben."—(P. 16 Okt. 1885).

---